**My words** **James 3:5-12 (English Standard Version)**

Read James 3:5-12 (English Standard Version)
5 So also the tongue is a small member, yet it boasts of great things.
How great a forest is set ablaze by such a small fire!



**Introduction**

Show a picture of a match burning or light a match.
Can this match cause major damage?
This match can burn down a large forest. This little match can burn down a big house. A match can be compared to your tongue.



Show a picture of a big fire.

Our tongue is a small part of our body but can cause great damage. We use our tongue to speak. We use our tongue to say words.



**Our words can break down and hurt people**.

We can hurt people by gossiping and saying bad things about people behind their backs.

Constantly saying degrading words to people can break people down. Words like, you are not good enough, stupid, not beautiful, can hurt people greatly.

Cursing and belittling people with your words can hurt them.

You can bully people with your words. Not just by the words we say but also by words we write on social media like Facebook and WhatsApp.

Your words can make people very unhappy. Words can destroy people's lives. Words can make people feel that they do not want to live anymore.



Through lies, people can lose their jobs or be expelled from school. By telling lies such as falsely accusing someone of racism. Such lies can cost one's job.

Our words are incredibly important. With our words, we can build people or break people down.

**How should we use our words?**

**Towards the Lord**





Our words should be used in the first place to say that we love. That we love the Lord and that we love our neighbour.

With our words, we must praise the Lord.

With our words, we must speak to the Lord through prayer.

We must tell other people about Jesus and lead them to Jesus with our words.




**Towards our neighbour**

We should only use nice and uplifting words towards our neighbour. We need to use words like you are beautiful, smart, good friend, and I love you. What can I do to help you?




Never give false testimony to your neighbour. Do not falsely accuse your neighbour.

Always speak the truth. The truth always comes out.

We must not threaten and bully people with our words.

We must not scare people with our words.

Count to ten if someone makes you angry. When you are angry, you may say words you can never take back.

We should never gossip or speak ill of other people. If you cannot say something good about someone, then rather keep quiet.

**Remember**

Matthew 12:6 English Standard

6 I tell you, on the day of judgment people will give account for every careless word they speak,

**Prayer**

Thank you, Heavenly Father, for caring for me every day. We praise and glorify Your Holy Name. Please help us think before we speak. Help us use our words to honour You and serve our neighbour. We know we will be judged according to every word we say. Please forgive all our sins.

Amen

**<u>JOU WOORDE</u>** **<u>JAKOBUS 3:5 (AFR83)</u>**

**Lees**
JAKOBUS 3:5 (AFR83)[5]So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek.



**Inleiding**

Wys 'n prentjie van 'n vuurhoutjie wat brand of steek 'n vuurhoutjie aan.
Kan die vuurhoutjie groot skade veroorsaak?
Hierdie vuurhoutjie kan 'n groot bos afbrand . Hierdie klein vuurhoutjie kan 'n groot huis afbrand. 'n Vuurhoutjie kan vergelyk word met jou tong.



**Wys 'n prent van 'n groot brand.**



Ons tong is 'n klein deeltjie van ons liggaam maar kan groot skade aanrig. 'n Mens gebruik jou tong om te praat. Ons gebruik ons tong om woorde te sê.

**Ons woorde kan mense afbreek en seermaak.**



Deur te skinder en slegte goed van mense agter hulle rug te sê, kan jy hulle baie seermaak.

Deur gedurig afbrekende woorde vir mense te sê. Woorde soos, jy is nie goed genoeg nie, jy is dom, jy is nie mooi nie, kan mense baie seer maak.

Deur mense met jou woorde te vloek en te verkleineer, kan hulle emosioneel breek.

Jy kan met jou woorde mense boelie. Nie net deur woorde wat ons sê nie, maar ook deur woorde wat ons skryf op sosiale media soos facebook en whatsapp, kan ons mense seermaak.

Jou woorde kan mense baie ongelukkig maak. Woorde kan letterlik mense se lewens vernietig. Woorde kan mense laat voel dat hulle nie meer wil lewe nie.



Deur leuens te vertel kan mense hulle werk verloor of uit die skool gesit word. Deur leuens te vertel soos byvoorbeeld om iemand  vals te beskuldig van rassisme, kan 'n mens jou werk kos.

Ons woorde is ongelooflik belangrik. Met ons woorde kan  ons mense ophou of ons kan mense afbreek.

**Hoe moet ons ons woorde gebruik?**


**Teenoor die Here**

Ons woorde moet in die eerste plek gebruik word om te sê dat ons liefhet. Dat ons die Here liefhet en dat ons ons naaste liefhet.
Met ons woorde moet ons die Here prys.
Met ons woorde moet ons met die Here praat deur gebed.
Met ons woorde moet ons ander mense van Jesus vertel en hulle na Jesus lei.

**Teenoor ons naaste**

Ons moet slegs mooi en opbouende woorde teenoor ons naaste gebruik. Ons moet woorde gebruik soos jy is mooi, jy is slim,  jy is 'n goeie vriend, ek is lief vir jou, wat kan ek doen om jou te help?

Moet nooit valse getuienis lewer teenoor jou naaste nie. Moenie jou naaste valslik beskuldig nie.




Praat altyd die waarheid. Die waarheid  kom altyd uit, en dan voel jy skaam omdat jy leuens vertel het.

Ons moet nie mense dreig en boelie met ons woorde nie.

Ons moet nie mense bang maak met ons woorde nie.

Tel tot tien as iemand jou kwaad maak.  As jy kwaad is sê jy dalk woorde wat jy nooit weer kan terugneem nie.

Ons moet nooit skinder of sleg praat van ander mense nie. As jy nie iets goed van iemand kan sê nie bly dan eerder stil.

**Onthou**

Mattheus 12:37  (AFR83) Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.

**Gebed**

Baie dankie Hemelse Vader dat U elke dag vir my sorg.  Ons loof en prys U Heilige naam.  Help ons asseblief dat ons dink voordat ons praat. Help ons dat ons ons woorde kan gebruik om U te eer en ons naaste te dien.  Ons weet ons sal geoordeel word volgens elke woord wat ons sê.    Amen.